RSG
RADIOTEATER

# ROOI PAPAWER

Deur

SD FOURIE

Uitsaaidatum:

Regie:

ROLVERDELING:

1. THEA: (Ongeveer 38 – temperamenteel) ……………………

2. ANNA: (Ongeveer 58 – stroef, formeel) ……………………….

3. PETROS: (Ongeveer 50 - vol wyse deernis) ………………….

4. PYGMALION &

5. GALATEA (Eteriese droomstemme – Petros en Thea kan doebleer of karakters op hul eie – regisseur beslissing)

Musiek: Klaviermusiek van Franz Liszt – Liebestraum

Zorba se dans – by taverne toneel

Slegs 'n voorstel – finale beslissing vir regisseur

Kopiereg:

SD Fourie
Posbus 71
GANSBAAI
7220

<u>ETERIESE AKOESTIEK – DROOM</u>

<u>BENOUDE GEBLêR VAN BOK, KNETTER VAN VLAMME WAT DRIE MAAL HOOG OPVLAM. GEBLêR WORD STIL</u>

1. PYGMALION: (*Opgewonde)* Die vlam het drie maal hoog gebrand! My offer is aanvaar. Afrodite, godin van skoonheid, liefde en vrugbaarheid, het my versugting gehoor. Selfs al het ek nie my hartsbegeerte hardop uitgespreek nie.
Galatea, my skone droomvrou, uit ivoor met my beitel geskep, gaan waarlik leef. My liefde gaan haar koue hart ontdooi. Ek moet haastig huistoe. Na Galatea toe.

<u>GEKLAP VAN VOETSTAPPE OP KLIPSTRAAT, DEUR WORD HAASTIG OOPGEMAAK</u>

*(Roep uitasem)* Galatea! Galatea!

2. GALATEA: Pygmalion, my geliefde.

3. PYGMALION: Jy leef waarlik? Dit was nie net ‘n droom nie?

4. GALATEA: Ek leef. Kom voel hier aan my.

5. PYGMALION: (*Vryf oor haar, klap liggies teen haar arms)* Jy is sag en warm. ‘n Volwaardige beeldskone vrou.

6. GALATEA: Ek is jou skepping.
Na jou sal my hart hunker en jy sal oor my heers.
Jou liefdesdroom. Vir altyd, Pygmalion.

1. PYGMALION: Ek gaan met jou trou, my liefste, en ons eerste seun noem ons Pafos. Die geliefde seun van Pygmalion en Galatea. Die godin, Afrodite, sal sy patrones wees en hy sal vir haar ‘n stad bou – Pafos, ‘n stad gebore uit liefde.

<u>DOOF UIT MET MUSIEK LIEBESTRAUM VAN LISZT –ETERIESE AKOESTIEK EINDIG</u>

<u>DOOF IN</u>

2. THEA: (*Word gillend wakker)* Nee! Nee! Sy naam was nie Pafos nie! Waar is my kind? Waar is my kind?

<u>SLAAN MET HANDE OP BEDDEGOED, BEDLIG VAL KLATEREND</u>

3. ANNA: (*Deur die slaap)* Wat is dit? Thea? Jy het die bedlig van die tafel geklap. Wag, laat ek dit net eers kry.

<u>GEKRAAK VAN BED, VROETEL OP VLOER EN BEDLIG AAN</u>

4. THEA: (*Huil en snik- lank en uitgerek)* My kind is dood.

5. ANNA: Sjuu, sjuu. Kom nou sus, kalmeer. Kom, drink ‘n bietjie water. Dit was net ‘n nagmerrie. Kom nou, als is verby en ek is hier.

6. THEA: (*Drink dorstig)* Diesefde nagmerrie as laasnag. Arme Anna. Dis geen vakansie vir jou nie. Miskien moet ek in die sitkamer slaap sodat jy kan rus.

7. ANNA: En jy dan?

8. THEA: (*Half ergerlik)* Jy kan nie altyd my hand vashou nie.

9. ANNA: Ek het nog altyd.

1. THEA: Dalk was dit die fout.

2. ANNA: *(Verwytend)* Neem jy my kwalik? Het vir Ma beloof……

3. THEA: Ja, ja, moenie weer daai perd klim nie. Intussen was ek ‘n getroude vrou, het van my huwelik ‘n gemors gemaak, my kind verloor…….

4. ANNA: (*vermanend)* Thea, Thea. Moenie. Ons het die verlede begrawe. Dis verby. Ons is hier om vakansie te hou, te rus en vir jou om ‘n nuwe begin te maak. Weer jou kwasse uit te pak en te begin skilder.

5. THEA: Dis wat jy wil hê ek moet doen, Anna. Het jy ooit gevra of ek wou?

6. ANNA: (*Grimmig)* Nee, ek het nie, want jy wou net in jou woonstel sit. Dag in en dag uit. Jy weet die sielkundige het jou ten strengste verbied om dit te doen.

7. THEA: Toe vat jy, soos gewoonlik, weer oor. Bespreek vir ons ‘n maandlange vakansie hier op Ciprus en bid seker elke aand jou knieë deur dat hier ‘n Griek of enige ander man my voete onder my sal uitslaan. Dan is jy van die probleem ontslae. Iemand anders kan my hand vashou.

8. ANNA: Jy weet dit is nie waar nie! Ek wou net….

9. THEA: Soos altyd, my pad vir my gelyk maak?

1. ANNA: Ja, en wat is daarmee verkeerd? Ek is jou suster, Thea.

2. THEA: My suster, Anna. Dis al. Maar jy het jou lewe lank geglo jy is verantwoordelik vir my. Jy het besluit met wie ek moet trou en wanneer. Soos Afrodite vanouds wou jy selfs die liefdesvlam aansteek, maar toe loop jou en jou Pygmalion se planne skeef en haal julle maaksel haar eie streke uit…..

3. ANNA: (*Verward)* Waarvan praat jy tog? …

4. THEA: (*Egerlik)* Jy weet goed. Jy het my grootgemaak op die soort stories. As daar 'n moederspeen was, sou ek kon sê ek het dit saam met moedersmelk ingekry. Nou is dit selfs deel van my waansindrome.

5. ANNA: Hoe moes ek weet?

6. THEA: *(Afgetrokke)* Is dit nie instink nie?

7. ANNA: *(Driftig)* Jou ma is met jou geboorte dood. Ek het….

8. THEA: *(Val haar in rede)* Ja, ja – vir haar ingestaan. Vierkant haar plek volgestaan. Los dit tog maar. Hou net op om Petros aan my af te smeer. Hy is 'n uitstekende gids en dis al.

9. ANNA: (*Verontwaardig)* Nou wat het jou laat dink dat ek hom aan jou wou afsmeer?

1. THEA: *(Moedeloos)* Jy vergeet dat jy destyds my eerste vrysessie georganiseer het. Ek, my liewe suster, ken jou. (*pouse – klap met hand op kussing)* Ag los dit. Skakel af die lig dat ons slaap.  Môre tjirp jy weer douvoordag.

2. ANNA: Is jy seker jy gaan nou slaap?  Moet ek nie vir jou 'n pilletjie gee nie…..

3. THEA: (*Beslis)* Nag Anna.

<u>DOOF UIT MET MUSIEK</u>

<u>DOOF IN MET MUSIEK – ETERIESE AKOESTIEK – DROOM</u>

4. GALATEA: Die son skyn buite, my heer.  Ek wil in die veld gaan blomme pluk.  Die huis druk my vas.

5. PYGMALION: Die jaloerse oë van die dorpsvroue sal jou skoonheid aanskou.  Bly by my, jou heer en meester.

6. GALATEA: Jy het my liggaam gevorm, Pygmalion.  My siel is Afrodite Haar asem is die seewind en daarmee het sy lewe in my geblaas.  Ek moet vry wees.  Soos sy.

7. PYGMALION: (*Smalend)* Ha! Afrodite!  Haar vader se geslagsdele is in die see gegooi en toe word sy uit die skuim verwek. Skuim is sy!  By hoeveel mans het sy al geslaap? Wil jy soos sy wees?

8. GALATEA: (*Beangs*) Afrodite is 'n godin.  Jy moenie so praat nie. Sy gaan wraak neem.

1. PYGMALION: Haar man het haar en haar vryer, Ares, aan die bed vasgemaak. Die ander gode het vir hulle gelag. Wil jy hê die mense moet vir jou lag? Wil jy, Galatea?

2. GALATEA: (*Gedwee)* Ek behoort net aan jou, Pygmalion.

3. PYGMALION: Bly dan net hier by my.

<u>DOOF UIT MUSIEK – EINDE VAN ETERIESE AKOESTIEK</u>

<u>DOOF IN - STORT LOOP WORD TOEGEDRAAI HARDE BADKAMERGELUIDE</u>

4. ANNA: *( Roep weg van mik)* Thea, is jy wakker?

5. THEA: (*Vakerig)* Ja.  Geen mens kan slaap soos jy tekere gaan nie.

6. ANNA: (*Nader)*Dit was ‘n geveinsde   slaap.  Jy lê al van voordag af wakker.  Ek het gehoor hoe  jy weer in jou drome baklei. Stoei met jou arms soos iemand wat vasgemaak is.

7. THEA: (*Ingedagte)*  Ek was vasgemaak.  Vir jare.

8. ANNA: *(Ernstig)* Sus, ons het al dié pad gestap.  Soveel keer. Jy kon Pieter van baie dinge beskuldig, maar hy was goed vir jou.

9. THEA: Mens kon versmoor daarin.  Ek het.  Julle het my altwee versmoor. (*Skielike opwelling van histerie)* Ek kon nie asem kry nie.  Vasgedruk deur my makers.  Vas! Vas! …..

10. ANNA: *(Angstig)* Kom nou, Thea.  Bedaar.  Drink ‘n slukkie water. Waar is jou pille? (*trek laaie oop en vroetel tussen bottels)* Hier, sluk een van die blou pilletjies.

1. THEA: *(Driftig)* Vat weg! Ek dink dis tyd dat ek skree en raas. Ophou om al my emosies te onderdruk en sê wat ek wil sê. Voel wat ek wil voel. Ek het lank genoeg in 'n waas van verdowing rondgedwaal. (*snik)* Ek wil huil oor my kind, boete doen oor my dwaasheid. Ek wil my kliphart uitruk en laat bloei. Rooi bloed soos die papawers daar buite.

2. ANNA: *(Verdwaas)* Ek ken jou nie so nie.

3. THEA: (*Meer bedaard)* Nee, jy ken my nie so nie, want jy het altyd verhoed dat ek so raak. Van kleintyd af die pyn toegeplak met 'n pleister, vir my 'n man gesoek wat my sal versorg en toe hy my wou versmoor met sy verskoning van liefde….

4. ANNA: (*Val haar driftig in die rede)* Hy was lief vir jou.

5. THEA: En jy wou eintlik sy liefde gehad het.

6. ANNA: *(Geskok)* Wat?

7. THEA: Ja, Anna. Toe die ouderdom teen jou tel, het jy my gebruik. Soos die goue wawielspinnekop jou mooi web gespin en my as lokaas gebruik. (*lag honend)* Wou jy hom ook later opvreet. Verswelg met jou versmorende liefde?

8. ANNA: (*twyfel)* Ek moes nooit toegelaat het dat jy uit die kliniek ontslaan word nie. Jy is siek.

9. THEA: Ja ek is, maar ek dink dat jy dalk vir die eerste maal in jou lewe die regte ding gedoen het. Dis 'n land vol tragedie. Soveel dat ek selfs genoeg moed het om my eie op te rakel.

1. ANNA: (*Verontwaardig)* Nie net jou eie nie. Jy las nog by ook!

2. THEA: (*Bot)* Loop trek aan. Jou dagtoer na Nicosia vertrek vroegoggend.

3. ANNA: Ek kan jou nie hier los nie. Nie so nie.

4. THEA: Ja jy kan. En moenie oor my bekommer nie. Ek gaan see toe. Met my esel en verfkwasse.

5. ANNA: *(Opgewonde)* Gaan jy skilder? Ag dankie Vader tog!

6. THEA: Moenie te opgewonde raak nie. Dalk neem ek eers net 'n paar foto's. Toe kry jou ry en moenie weer soos 'n waghond agter my aan tou nie. Sien jou vanaand.

DOOF UIT

<u>DOOF IN BUITE LANGS SEE. SAGTE GEKLOTS VAN BRANDERS. EN LIGTE SEEWIND ROER IN GRASSADE</u>.

7. THEA: (*Strek en gaap* ) Sjoe, my skouerspiere is stokstyf. Hm, ek het nogal goed gevorder. Anna was reg. Moes al lankal my verfkwasse uitgepak het.

<u>VOETSTAPPE TUSSEN GRAS DEUR</u>

8. PETROS: Dis hier waar jy wegkruip. Hoekom is jy nie vandag saam Nicosia toe nie? Jou suster was alleen in die bus.

9. THEA: (*Kortaf)* Het sy jou gestuur? Jy kan mos sien ek is besig.

10. PETROS: (*Nader)* Hm.. (*pouse)* Net 'n blou see. En dit terwyl die veld om jou uitbars in kleur. Rooi papawers, goudgeel magrietjies en blinkgroen grassade tot teen die see.

2. THEA: Ek skilder.  Neem nie foto's nie.

3. PETROS: Magtag vroumens, die hele dag is in wit lig gebaai en jy verf 'n donker, blou see.  Sonder branders, sonder horison - net blou.  Waar is jou buis met wit? (*Vroetel tussen buise verf)*

4. THEA: (*Ergerlik)* Los uit.  Van wanneer af gee jy kunsklasse? (*Smalend)* Jy, Petros, is net 'n gids.  'n Goeie gids, dit gee ek toe, maar bepaal jou by jou werk.  Ek doen myne.

5. PETROS: Gee jou palet en paletmes. (*skraap van paletmes)* So ja, nou die plat, dun kwas.

6. THEA: (*kwaad)* Wie gee vir jou die reg om aan my werk te peuter? Loop en los my uit.

7. PETROS: Wag en kyk.  So. (*sagte hale van verfkwas)*

8. THEA: Nou kan jy jou naam ook teken. Dis nie meer my werk nie.

9. PETROS: (*Bedaard)* Jy moet toegee dis 'n verbetering.  Kom pak weg jou kwasse dan stap ek saam met jou na die ou stadsmure. Die anemone staan bloupers in die blom.

10. THEA: (*Bot)* Ek wil nie jou anemone sien nie. My kwas? Ek wil dit skoonmaak.

11. PETROS: Gebruik die terpentyn.  Hier. (*vroetel weer in verfdoos)* Jy kan dit vanaand  behoorlik met seep en water skoonmaak.

12. THEA: *(Spottend)* Kunstenaar en gids.  Wat nog?

13. PETROS: Uitstekend met koppige studente. Kom, los die doek op die esel.  Dis veilig hier.  Ons kan dit later kom haal.

1. THEA: (*Koppig)* Ek sal môre na die anemone gaan kyk.

2. PETROS: Hulle bloeitydperk is baie kort. Môre mag almal verwelk wees. En as jy ophou om so koppig te wees, vertel ek jou die storie van Afrodite en die anemone. Kom, blouvrou. Wag, staan net eers stil.

3. THEA: Wat nou weer?

4. PETROS: Hier sit verf aan jou wang.

5. THEA: Ek sal self. (*vryf hard aan wang)*

6. PETROS: (*Laggend)* Jy vryf aan die verkeerde wang. Laat ek. Of is jy bang ek sit weer wit by? Of teken my naam … hier.

7. THEA: *(Dreigend)* Moenie.

8. PETROS: (*Ernstig)* Dit was ‘n grap. Jy is ‘n komplekse entjie mens. Kom ons loop.

<u>LOOP IN STILTE. VOETSTAPPE EN GESWIEP VAN PLANTEGROEI. SAGTE GEDRUIS VAN DIE SEE.</u>

9. THEA: Vertel.

10. PETROS: Wat?

11. THEA: *(Ongeduldig)* Die anemone-storie.

12. PETROS: Wat weet jy van Afrodite?

13: THEA: Genoeg, maar wie vertel nou eintlik die storie?

14: PETROS: Wil net weet waar ek moet begin.

15. THEA: Afrodite, godin van liefde en skoonheid, maar met ‘n hart soos ‘n hotel. Almal was welkom.

1. PETROS: Moenie dat sy jou hoor nie. Sy hou nie van kritiek nie.

2. THEA: Sy het nog nooit vir my geglimlag nie.

3. PETROS: Kyk daar. Daar in die laagte anderkant die ou stadsmuur. Staan hier op die klip.

<u>VOETSTAPPE STOP. NET DIE SAGTE GEDRUIS VAN DIE SEE.</u>

4. THEA: *(Trek haar asem hoorbaar in)* Dis ongelooflik. Persblou so ver soos mens kan sien. Tot vas teen die see. Dit oorskadu byna die gloeiende papawers en magrietjies.

5. PETROS: Dit mag maar. Net vir vandag, want as die wind vanaand uit die see stoot, is dit môre almal verwelk. Dit word ook windblomme genoem. Kortstondig soos verbode liefde.

6. THEA: En hartseermooi soos die verganklikheid van die jeug. En haar liefde vir Adonis.

7. PETROS: (*Verbaas)* Jy ken die storie?

8. THEA: Sy het die nektar van die gode op Adonis se bloed gestrooi. Elke druppel bloed het in ‘n windblom verander ter herdenking van hul liefde.

9. PETROS: Ares, haar jaloerse minnaar, het die wildebeer gestuur om Adonis te deurboor. Wys jou net. Bly weg van jaloerse minnaars.

10. THEA: *(Bitter)* Jaloerse liefde is ‘n verterende vuur. Ek loop.

<u>LOOP WEG VINNIGE VOETSTAPPE</u>

1. PETROS: *(Roep agterna)* Thea, kom terug. Ek sal jou terugneem

2. THEA: (*weg van mik)* Sal self regkom. Los my uit.

3. PETROS: *(by homself)* Nou wat het nou weer verkeerd geloop?

<u>DOOF UIT MET MUSIEK</u>

<u>DOOF IN</u>

<u>DEUR OOP EN WORD HARD TOEGEKLAP. ESEL EN VERFDOOS HARDHANDIG NEERGEGOOI</u>

4. ANNA: En as jy nou so omgekrap hier instorm? Ek dag jy het 'n rustige dag met jou verfkwasse gehad.

5. THEA: Rustig ja, totdat daai slimjan van 'n gids van jou my dag kom omkrap het.

6. ANNA: Petros?

7. THEA: *(Smalend)* Wie anders, Anna? Jy het hom seker weer agter my aangestuur. Bang ek sluk my terpentyn of dalk hang ek myself aan die esel op?

<u>TAP WATER IN WASBAK EN BEGIN KWASSE SKOONMAAK</u>

8. ANNA: Laat ek help skoonmaak.

9. THEA: (*Bot)* Ek sal self. My skilderwerk is tenminste my eie. Of so het ek gedink.

1. ANNA: (*Rustig)* Ek maak vir ons tee.

KETEL AAN EN GEKLINGEL VAN TEEKOPPIES

Ek het nie ‘n woord oor jou met Petros gerep nie. Nie eens met hom gepraat nie. Die bus was vol. Dit was ‘n baie interessante toer. Nicosia is ‘n stad met ‘n tragiese geskiedenis. Die destydse Turkse inval het die stad in twee geskeur. Dit is vandag nog steeds so.

2. THEA: (*Minagtend)* En onse heer Petros het seker weer almal met sy dramatiese vertelling geroer.

3. ANNA: (*Heftig*) Ja hy het. En jy wat so behep is met jou eie hartseer en verlies, moes daar gewees het. Het jy geweet dat die nag van die inval het duisende mense die berge ingevlug en 1600 siele is nooit weer gevind nie. Hulle is nou, meer as 30 jaar gelede, nog steeds net weg. Vroue, mans en kinders.

4. THEA: Wie se skuld was dit?

5. ANNA: Magtag Thea, hoekom moes dit iemand se skuld wees? Hoekom kan jy nie net aanvaar dat dinge soms net gebeur nie. Dat dit dalk deel van die groot Goddelike plan was nie?

6. THEA: Goddelike plan? Watter God se plan ontneem ‘n ma van haar kind?

7. ANNA: Jy is alweer besig met jouself. Jy weet, soms verloor ek my geduld met jou.

1. THEA: (*Gooi kwas hard neer)* Nou kom ons gesels daaroor. Ek daag jou uit, Anna. Kom ons praat. Terwyl jy nou so so lekker opgewerk is en vir selfs jou geduld met my verloor het.

2. ANNA: (*Stem styg)* Ons kan praat, ja, as jy nie weer met jou lawwe idees na vore kom nie.

3. THEA: Soos wat?

4. ANNA: Dat ek op Pieter verlief was. Dat ek jou in 'n huwelik ingedwing het en dat ek verantwoordelik was dat jy 'n stormagtige ver-houding buite jou huwelik gehad het…….

5. THEA: (*Byna ingenome)* Jy verwyt my. My hene, my hoogheilige suster praat daarvan. Ons vorder, sussie, ons vorder.

7. ANNA: Miskien is jy reg. Moes ons lankal gepraat het. Dalk het ek skuld aan jou emosionele onvolwassenheid.

8. THEA: (*Bitter)* Is dit wat jy dit noem? Die feit dat ek my man en kind in 'n grusame ongeluk verloor en totaal van my verstand af geraak het. 'n Jaar lank in 'n gestig beland het?

9. ANNA: Jy weet jy praat deur jou nek. Jy was in 'n senukliniek na die ongeluk. Maar ek praat van als voor dit. Toe jy geglo het dat ek jou lewe regeer het, dat Pieter jou wou maak wat jy nie was nie en jy met die weerbarstigheid van 'n tiener opgetree het. Die een verhouding na die ander………….

1. THEA: *(Dromerig, byna soos 'n kind)* Hy was Pygmalion. Het my geboetseer na sy droomvrou en ek was Galatea met die asem van Afrodite wat lewe in my geblaas het. Ek wou uit, ware liefde ondervind en uitdeel……

2. ANNA: (*Moedeloos)* Hoe kan ons soos volwassenes redeneer as jy elke keer, soos 'n kind, in jou eie wêreld terugkruip.

3. THEA: (*Boetvaardig)* Jammer. Ek is skielik baie moeg.

4. ANNA: (*Sug)* Loop lê 'n bietjie. Ons gaan vanaand na die mezze by die taverne.

<u>DOOF UIT</u>

<u>DOOF IN MET RESTAURANT-GELUIDE, POLSENDE GRIEKSE MUSIEK OP AGTERGROND –ZORBA SE DANS</u>

5. THEA: *(Hoë stemtoon –byna histeries opgewonde)* Hier is baie mense! Luister na die musiek, Anna. Warm, polsend en lewendig. Dit trek deur jou hele wese en voel byna of ek nie beheer oor my lyf het nie. Ek wil nou gaan dans!

6. ANNA: (*Bekommerd)* Voel jy reg? Moes ons nie liewer by die huis gebly het……..

7. THEA: Natuurlik is ek oraait! Hoekom sal ek nie wees nie?

8. PETROS: (*Weg van mik. Kom tussen mense deur)* Hier is julle. *(Nader)* Goeienaand dames. Mag ek sit?

9 THEA: Nee, jy kan nie sit nie. Niemand kan of mag sit met sulke musiek nie. Kom ons dans. Kom, Anna. Toe roer julle!

1 PETROS: Nee, dis nog te vroeg vir die dans. Hulle gaan nou eers die Mezze bedien. Dis ‘n verskeidenheid van klein geregte wat deur die loop van die aand bedien……

2 THEA: *(Val hom in rede)* Kom Anna, ons het nie die gids se toestemming nodig om te dans nie. Kyk daar is ‘n dansvloer.

3 ANNA: (*Ergerlik)* Maggies Thea, kan jy nie sien dat niemand nou al dans nie? *(verlig)* Hier kom die kos.

GELUID VAN EETGEREI WAT UITGEPAK WORD.

Dit lyk heerlik.

4 PETROS: *(Rustig)* Die kos word eers bedien. Later word die musiek harder en eers dan begin die dansery.

OOR EN WEER AANGEE VAN KOS,

Smaaklike ete, dames. En onthou, hou die porsies maar klein sodat julle aan als kan proe.

HARDE GESTAMP VAN STOEL WAT SKUIF

5 THEA: *(Kwaad)* Ag nee magtag! Ons is mos almal mooi groot en weet sekerlik teen dié tyd hoe om te eet. Ek loop!

6. ANNA: *(Geskok)* Loop waarheen?

7. THEA: Buitetoe – vir vars lug. En moenie jou bloomer in ‘n knoop kry nie, Anna. Ek kom weer terug.

1. ANNA: (*Verskonend)* Petros, ek is regtig jammer en vra om verskoning vir my suster se onvergeeflike gedrag.  Ek weet nie wat haar besiel nie. Miskien is sy oormoeg.

2. PETROS: (*Indringend)* Wat is Thea se probleem?

3. ANNA: *(Verdedigend)* Wat laat jou dink dat sy 'n probleem het?

4. PETROS: Anna, julle is byna al drie weke hier en ek was byna daagliks in julle geselskap. Ek kan mos sien daar's fout.

5. ANNA: (*Formeel)* Ons was gelukkig om 'n Afrikaanssprekende gids hier raak te loop en jy was die afgelope tyd meer as net 'n gids, maar dit gee nie my of jou  die reg om my suster se privaatsake met mekaar te bespreek nie.

6. PETROS: En as ek vir jou sê dat my belangstelling meer as net 'n gids is?

7. ANNA: *(Driftig)* Moenie.  Moenie eers daaraan dink nie.

8. PETROS: Hoekom nie, Anna?  Thea is 'n pragtige vrou en lankal nie meer 'n tiener nie.  Hoekom behandel jy haar soos een?  Maak verskoning vir haar, keur haar vriende en neem besluite vir haar……

9. ANNA: (*Kortaf)*  Ek probeer haar net beskerm.

10. PETROS: Teen wat?

1. ANNA: Teen haarself, as jy dan moet weet. (*Sug ..pouse)*

Sy het ‘n traumatiese ondervinding agter die rug en was lank in ‘n senukliniek. Die vakansie is nog deel van haar herstelproses. (*pouse)* Jy moet my verskoon. Ek wil dit nie verder bespreek nie.

2. PETROS: Jy het dus geen beswaar as ek……

3. ANNA: (*Val vinnig in rede)* Ja ek het. Bly weg van haar af. En Petros, jy is nie die probleem nie. Thea is die probleem.

EETGEREI WORD AFGENEEM EN VOLGENDE GEREG BEDIEN

Hier is ons volgende gereg. Waar bly Thea?

4. PETROS: (*Aan die kelner- dankie)* Efkharisto.

STAAN OP. STOEL SKUIF

Eet jy solank. Ek gaan haar soek

DOOF UIT MET RESTAURANT GEDRUIS

DOOF IN BUITE SAGTE GESUIS VAN WIND IN BOME

NADERENDE VOETSTAPPE OP GRUIS

5. PETROS: Hier kruip jy in die skadu van die sipresboom weg.

6. THEA: *(Dromerig)*Die wind sing ‘n lied van verlange deur die takke. Luister.

GESUIS VAN WIND

7. PETROS: Hulle fluister ou-ou verhale. So het my oupa gesê. Hy kon pragtige stories vertel.

8. THEA: Van Pygmalion en Galitea ook?

9. PETROS: Die mitologie is elke Griekse kind se slaaptydstories.

1. THEA: (*Byna kinderlik)* Vertel vir my een. Seblief?

2. PETROS: Dis nie nou slaaptyd nie. Kom, die kos word koud en jy wil nog gaan dans. Ek sal môre vir jou ‘n storie vertel - terwyl jy skilder.

3. THEA: (*Pruilend)* Wie sê ek gaan weer skilder?

4. PETROS: Wil jy ‘n storie hoor?

5. THEA: Het mos gesê ek wil.

6. PETROS: Nou ja toe, dan het ons ‘n ooreenkoms. Ek kry jou by die ou stadsmuur, maar nou moet ons ingaan. Anna wag.

7. THEA: (*Gelate)* Ja, sy wag altyd. Tot die bitter einde toe.

DOOF UIT MET MUSIEK

DOOF IN. RESTAURANTGELUIDE NOU MEER LUIDRUGTIG. MUSIEK HARDER.

8. PETROS: *(Praat hard – bokant musiek)* Kyk, daar begin die dans. Julle kan gaan deelneem. Dit is nou net die vroue. Later val die mans in.

9. ANNA: *(Verontwaardig)* So alleen? Agge nee, dit lyk darem alte verspot.

10. THEA: *(Weer opgewonde)* Ek gaan!

<u>SPRING OP EN LOOP</u>

11. ANNA: *(Roep gedemp agterna)* Gedra tog vir jou!

12. THEA: *(Roep terug – weg van mik – uitgelate)* Ja, Anna Kloosterkoek!

13. ANNA: (*Vererg)* Was dit nou nodig? So platvloers tussen al die mense.

1. PETROS: Jy het gesoek daarna. Sy is ‘n volwasse vrou en nie jou kind of kleinsus nie.

2. ANNA: (*Op die verdediging)* Ek het jou gesê sy is my suster.

3. PETROS: Dit gee jou nie die reg om haar soos ‘n kind te behandel nie.

4. ANNA: En wie gee jou die reg om uitsprake te lewer? *(Smalend)* Of is dit ‘n ou bok wat ‘n jong blaar lus?

5. Petros: Vyf en vyftig is kwalik oud en Thea is ook nie meer die spreek-woordelike jong blaar nie. Vyf en dertig of hoogstens veertig?

6. ANNA: Ag en dertig, maar soms met die volwassenheid van ‘n tiener. Kyk hoe gaan sy op die dansbaan tekere. Mens sou sweer sy is gedrink.

<u>MUSIEK HARDER HOORBAAR</u>

7. PETROS: Nee, sy gee net uiting aan haar gevoel. Vir die Grieke is dit normaal. Kyk, almal beweeg uit na die buitekring en gee haar geleentheid om haar storie te vertel – by wyse van spreke.

8. ANNA: *(Minagtend)* ‘n Spektakel as jy my vra.

9. PETROS: Nee, nee. Sy klem haar arms om haar lyf. Sy is vasgevang. Iets pynig haar. So erg dat sy sterf daarvan. Daar val sy plat.

10. ANNA: Keer haar!

11. PETROS: Los haar. Sy raak ontslae van opgekropte gevoelens. Sy wriemel op die vloer…….

12. ANNA: (*Geskok)* Dis soos iemand wat van duiwels ontslae raak!

1. PETROS: Sy staan op. Byna soos ‘n wedergeboorte. Kyk hoe kelk haar arms bokant haar kop. Soos ‘n blom wat oopgaan na ‘n winterslaap. *(Byna ademloos)* Haar hare het los gegaan Sy is beeldskoon.

<u>DAWERENDE APPLOUS DAN RITMIESE GEKLAP OP MAAT VAN DIE MUSIEK</u>

Sien jy? Die Grieke het waardering vir haar moed. Sy dans nou die dans van ‘n nuwe lewe.

2. ANNA: (*Minagtend)* ‘n Nuwe lewe met haar verlede?

3. PETROS: (*Speurend)* Hare of joune, Anna? Hoe oud is jy?

4. ANNA: (*Senuagtig)* Wat het dit m ..met Thea te doen?

5. PETROS: Jy het dit gesê. (*(stilte)* Jy is byna sestig sou ek skat.

6. ANNA: (*Verdedigend)* ag en vyftig.

7. PETROS: En daar is net julle twee susters. Twintig jaar verskil. Is jy seker sy is jou suster?

<u>RITMIESE GEKLAP STAAK DAN WEER APPLOUS</u>

8. THEA: *(Uitasem weg van mik)* Dit was bevrydend! *(nader- hyg na asem)* Sjoe.

9. PETROS: (*Beskermend)* Waar is jou sjaal? Hier. Laat ek dit Om jou skouers vou. So ja. Jy is waternat gesweet. Kom sit hier by my. Daar oorkant is ‘n trek.

<u>STOEL WORD UITGETREK</u>

10. ANNA: *(Haastig)* Nee, dis laat. Ons moet huistoe. Kom Thea, jy moet in die bed kom.

1. PETROS: *(Vraag)* Thea?

2. THEA: (*Sag)* Ek is moeg. Sien jou môre. (*Op mik, soos in oor)* Ek sal die aand en die dans altyd onthou. Nag Petros.

<u>DOOF UIT MET LIEBESTRAUM</u>

<u>DOOF IN MET SAGTE GEKLOTS VAN BRANDERS – BUITE</u>

3. PETROS: (*Weg van mik – kom nader gestap op gruis)* Jy is hier. Is dit oor die storie, om te skilder, of nog beter, oor my?

4. THEA: *(Op mik)* Jy vlei jouself, maar ja.

5. PETROS: (*Op mik, gaan sit)* Ja wat?

6. THEA: (*Laggend)* Ja op al drie.

7. PETROS: Draai jou kop. So. Hier na my kant.

8. THEA: Hoekom?

9. PETROS: (*liefdevol)* My blou meisie. Hier is alweer verf op jou wang. Blou soos jou oë. Kom laat ek dit afvee. (*vryf)*

10. THEA: Jy vryf te hard.

11. PETROS: Dis al droog. Sal ek dit … weg soen?

12. THEA: (*Heftig)* Nee.

13. PETROS: Wat is dit met jou, vroumens. Jy is soos 'n ietermagog. Rol jou op in 'n klein bondeltjie as jy net dink iemand kom te na aan jou. Ek gee om vir jou. (*pouse)* ….Meer as omgee.

14. THEA: Ietermagog? Dit kom in die noorde van Namibië voor. Ek het dit laas in die Etosha wildtuin gesien? Was jy al daar?

1. PETROS: Ja, het vir jare in Namibië gewerk. Daar Afrikaans leer praat.

2. THEA: Vertel my daarvan.

3. PETROS: As jy my vertel hoekom daar op jou palet net blou verf is en dit terwyl die veld uitbars in kleur. Kyk hoe roer die wind die rooi papawers, vang die see die wit lig en dryf die stad daar oorkant die baai in die lugspieëling. Enige kunstenaar se droom en jy verf alweer net die see.

4. THEA: (*Stil)* Blou is ‘n verlange.

5. PETROS: Na wat, Thea?

6. THEA: Na iets wat vir altyd verby is. En rooi papawers is bloed. Rooi bloed van die sterwendes.
*(byna fluisterend)* Bloed op ‘n moordenaar se hande.

7. PETROS: (*Heftig)* Jy maak ‘n fout. Rooi is die kleur van nuwe lewe. Jy dink aan die rooi papawers van Flandere. Mense het geglo dis die bloed van gestorwe soldate, maar dit was nuwe lewe. Opstaan en weer begin.

8. THEA: (*Bot)* Moenie jou uitlaat oor dinge waarvan jy nie weet nie.

9. PETROS: (*Met gevoel)* Ek weet. Glo my, ek weet.

10. THEA: Petros?

11. PETROS: (*Vertel – byna toonloos)* Ek was nog skaars droog agter die ore toe ek in Walvisbaai begin werk het. Geld was skaars en hier op Ciprus was nie uitkoms nie.

1. THEA: Hoe oud was jy?

2. PETROS: Sewentien, agtien. Ek kan nie meer onthou nie. Ek en die baas se dogter het oor die tou getrap en ek moes met haar trou. Ek het nie omgegee nie, want ons was lief vir mekaar. Ons het 'n pragtige dogtertjie, Andrula, gehad. Sy was my als.

3. THEA: *(Angstig)* Was?

4. PETROS: Laat ek klaar vertel. 'n Jaar later het my vrou se ouers besluit om na Ciprus terug te keer. Die sandstorms en die woestyn het hul gedaan gehad. My vrou wou ook terug. Ek het intussen die besigheid oorgeneem en dit het net begin floreer. Ek het besluit om agter te bly en eers 'n jaar later by hul aan te sluit.

5. THEA: En het jy?

6. PETROS: Voordat ek kon, het die Turkse inval gebeur.

7. THEA: (*Angstig)* En?

8. PETROS: *(Skor)* My vrou en kind is vandag nog deel van die magdom vermiste persone na daardie verskriklike nag.

9. THEA: En jy het hulle na al die jare nooit weer gekry nie?

10. PETROS: Nee. Ek het terug gekom na niks. Weet jy wat is 'n vermiste geliefde? 'n Hartseer ma het dit so verwoord: 'n Stem wat nooit gehoor word nie, maar wat altyd met jou is. 'n Herinnering wat weier om te vervaag.

11. THEA: En die dooies? Wat is hulle dan?

12 PETROS: Hulle het jy begrawe. Afskeid geneem.

1. THEA: Het jy ooit finaal afskeid geneem?

2. PETROS: Ek dra hulle in my hart, maar ek moes aangaan.

3. THEA: En toe word jy ‘n gids?

4. PETROS: Gids en kunstenaar. Verkoop my werk aan die toeriste en maak ‘n lewe. Skilder rooi papawers en ‘n see met wit lig.

5. THEA: Hoe kan jy? Dis die land wat jou geliefdes ingesluk het.

6. PETROS: Die land het niks verkeerd gedoen nie.

7. THEA: *(Heftig)* Wil jy ook vir my sê dis deel van ‘n Goddelike plan?

8. PETROS: Hoekom soek jy skuld by iemand of iets?

9. THEA: Ek was my lewe lank in ‘n vorm gegiet. As ek buite die vooropgestelde norm en vorm optree, was ek skuldig. Pygmalion en Galatea. Eers was Anna Pygmalion en daarna Pieter. Hulle sou sê jy was skuldig. Moes jou vrou gedwing het om by jou in die vreemde land te bly.

10. PETROS: En wat sê jy?

11. THEA: Hoe kan ek jou verwyt? Ek staan skuldiger as jy.

12: PETROS: (*Ongelowig)* En jy kruisig jou nog steeds daagliks daaroor?

13. THEA: (*Snik)* Ek moet my skuld betaal.

14. PETROS: Hoe Thea? Dit is nie vir my of jou om skuld te betaal nie. Iemand Anders het dit duisende jare gelede dit vir ons gedoen. (*Met deernis)* My arme, verwarde klein mensie. Kom hier, dat ek jou styf vashou.

<u>DOOF UIT MET MUSIEK</u>

<u>DOOF IN MET FOON SE GELUI</u>

1. ANNA: Nou wie sal ons hier soek? *(huiwerig)* Hallo?

2. PETROS: *(Filter)* Môre Anna. Dis ek, Petros.

3. ANNA: Ek hoor so. Thea is uit…..Of soek jy dalk vir my?

4. PETROS: *(Filter)* Ja. Ek wil met jou praat. Oor Thea. Waar kan ons ontmoet?

5. ANNA: Thea het gaan skilder by Afrodite se geboorteplek. Ek kry haar later by die restaurant daar naby. Weet jy waar dit is?

6. PETROS: *(Filter)* Ja, ja. Petra tou Romiou. Daar is ‘n restaurant oorkant die pad teen die heuwel. Ek sien jou daar. Oor ‘n uur?

7. ANNA: *(Aarsel)*Ek sou eers heelwat later by haar aansluit.

8. PETROS: *(Filter)* Kom vroeër. Ek wil alleen met jou gesels.

10. ANNA: *(Twyfel)* Ek… ek is nog ver van klaar. Sal eers baie later daar wees.

11. PETROS: (*Beslis)* Ons moét praat, Anna. Sonder Thea.

12. ANNA: *(Bot)* Ek sal daar wees.

<u>DOOF UIT</u>

<u>DOOF IN AGTERGROND RESTAURANT GELUIDE. STEMME, KLANK VAN EETGEREI, ETC</u>

13. PETROS: Môre Anna. Ek is bly jy is hier. Sit.

<u>STOEL WORD UITGETREK. GAAN SIT.</u>

1. ANNA: Môre. Waaroor is die dringende gesprek?

2. PETROS: Kan ek vir jou tee skink?

3. ANNA: Dankie. Jy was seker dat ek sou kom. Die tee is al hier.

<u>TEE WORD GESKINK, GEROER, GEDRINK</u>

4. PETROS: Ek wou nie onnodig tyd mors nie. Hoe laat sien jy vir Thea?

5. ANNA: Ons kry mekaar oor 'n uur hier vir middagete.

6. PETROS: Thea se verlede. Vertel. Ek wil weet.

7. ANNA: *(Verontwaardig)* Wie gee vir jou die reg……?

8. PETROS: (*Beslis)* Sal ek haarself vra? Haar weer deur die trauma dwing of gaan jy vertel? *(Sagter)* Ek wil help, Anna, en ek dink ek is op die spoor van iets.

9. ANNA: *(Minagtend)* Jy is nogal aanmatigend. Sien kans vir iets waarop die sielkundige na 'n jaar se behandeling nie kon verbeter nie.

10. PETROS: Omdat jy nooit die waarheid vertel het nie.

11. ANNA: *(Ergerlik)* Wie het 'n probleem? Ek of Thea?

12. PETROS: *(Moedeloos)* Kom laat ons ophou om mekaar aan te val en dinge toe te smeer. Wat het haar in die eerste plek in die kliniek laat beland?

1. ANNA: *(Sug)* Jy sal aanhou en aanhou en jy het in werklikheid niks daarmee te doen nie. Thea was getroud met ‘n goeie man. Pieter het mooi na haar gekyk. Sy was maar altyd effe onstabiel. Kunstenaarstemperament. Ook drama geswot. Dié dat sy die ander aand so ‘n aanskoulike spektakel op die dansbaan was.

2. PETROS: Sy het dié aand ‘n stukkie van haar lewe ontbloot. *(Dwingend)* Vertel verder.

3. ANNA; Sy was skaars in die huwelik of sy het ontydig swanger geraak….

4. PETROS: Ontydig?

5. ANNA: Sy was nog te jonk. Pieter sou dit nie toegelaat het nie. Sy was koppig. Die baba en huwelik het haar gou verveel en sy het begin rondloop. Een nag laat het Pieter die baba in die kar gelaai om haar te gaan soek. Op ‘n draai in die pad het sy skielik voor die kar ingespring. Wat sy daar gesoek het, het geen mens geweet nie. Pieter het uitgeswaai …. Hy en die baba was op slag dood.

6. PETROS: En sy het haarself verwyt.

7. ANNA: In die begin nie. Sy was eers soos ‘n dooie. Toe het sy begin hallusineer. Haar verbeel sy is Afrodite, Galitea of een of ander godin. Daarna het die verwyt gekom.

1. PETROS: Hoekom het jy haar Ciprus toe gebring?

2. ANNA: Sy was van kleintyd af gek oor stories uit die mitologie. As sy hier is, kan sy die werklikheid en die stories hopelik skei. En weer skilder. Sy was nogal begaaf.

3. PETROS: En nou skilder sy net ‘n blou see van verlange.

4. ANNA: Sy skilder. Later sal dit beter gaan.

5. PETROS: Leef jul ouers nog?

6. ANNA: (*Ergerlik)* Wat het dit met als te doen?

7. PETROS: *(Kalmerend)* Bedaar Anna. Dis net belangstelling.

8. ANNA: Ons ouers is jare gelede oorlede. Ek het vir Thea grootgemaak.

9. PETROS: Alleen?

10. ANNA: *(Bitter)* Ja. Ek was nooit getroud nie. My lewe opgeoffer vir haar. *(Pouse)*

11. PETROS: En haar laat voel sy is skuldig. Hoekom?

12. ANNA: Sy was. As sy nie daar was nie, het ek ook dalk liefde ervaar. Kinders uit liefde gebore gehad.

13. PETROS: En sy was nie uit liefde gebore nie.

14. ANNA: Nee.

15. PETROS: Ek dink jy moet my alles vertel. Die waarheid, Anna.

16. ANNA: (*Snikkend)* Ek kan nie.

17. PETROS: *(Sag, vertroostend)* Dit kan julle genees.

18. ANNA: Ons?

19: PETROS: Ja. Jy is so stukkend soos Thea.

DOOF UIT MET MUSIEK

DOOF IN  MET ANNA WAT HARTVERSKEUREND HUIL

1. PETROS: *(Troos)* Dis verby.  Dankie dat jy my vertrou het.  Kom ek neem jou huistoe.

2. ANNA: *(Snik)* En wat van Thea?

3. PETROS: Ek sal haar later kom haal.

4. ANNA: Gaan jy haar vertel?  Is dit nou die regte tyd?

5. PETROS: Dink aan die woorde van  Henry van Dyke.  Hy het gesê
tyd is te stadig vir hulle wat wag en te vinnig vir hulle wat vrees,
Te lank vir hulle wat treur, te kort vir hulle wat bly is;
Maar vir hulle wat lief het, is daar nie tyd nie.*

<u>DOOF UIT MET MUSIEK</u>

<u>DOOF IN MET SEE EN WIND</u>

6. PETROS: *(Roep)* Thea!  Waar is jy.

7. THEA: *(Weg van  mik)* Hier agter die rots.

<u>VOETSTAPPE OP GRUIS.</u>

*(Nader)* Die wind waai so dat ek  my esel hier opgestel het.

8. PETROS: Sjoe, die Levandis is skraal.

9. THEA: Levandis?

1. PETROS: Die lentewind. Dit waai soms ‘n storm los. Kyk hoe breek die branders daar om Afrodite se rots.

2. THEA: Is dit die rots wat geluk in die liefde beloof?

3. PETROS: Ja, volgens ‘n ou legende moet jy vier maal om die rots swem. Dan beloof Afrodite ewige skoonheid en liefdesgeluk. Hoe gaan dit hier? Het jy al iets op die doek?

4. THEA: *(Verleë)* Ek het probeer om lig op my blou see te kry, maar met die storm op see is die kleur van die water vandag nie reg nie. By ons was die see somerblou. *(Sug)* Maar toe kon ek nog nie skilder nie.

5. PETROS: En nou?

6. THEA: Dit gaan beter. *(Stilte)* Dankie. Jy het gehelp. ‘n Mens dink soms jou eie hartseer is die ergste.

7. PETROS: Praat help. Hoekom vertel jy my nie maar die hele storie nie?

8. THEA: Soms moet mens net eenvoudig die verlede begrawe.

9. PETROS: Met ‘n grafsteen wat jy die res van jou lewe saamdra?

10. THEA: *(Fluister)* Ja.

11. PETROS: Kom, sit hier by my. Hier teen die rots uit die wind uit.

<u>GAAN SIT EN SKUIF GEMAKLIK REG OP GRUIS WIND STILLER MAAR GERUIS VAN SEE WAT UITLOOP EN TERUGTREK OP GRUIS NOG HOORBAAR.</u>

So ja. Kom, nog nader. Hier in die holte van my arm.

<u>SKUIF NADER.</u>

12. THEA: *(Suggie – sag)* Dankie. Dit voel veilig. En warm.

1. PETROS: Maak toe jou oë, leun terug en vertel my als.

2. THEA: Ek kan nie.

3. PETROS: Ek het. My hele storie aan jou vertel. Dit was nie moeilik nie, want ek is lief vir jou.

4. THEA: *(huil sag)* Jy sal nie meer wees as ek als vertel het nie.

5. PETROS: Liefde het nie voorwaardes nie*. (Pouse)*

6. THEA: *(Vertel, byna emosieloos)* Ek het nooit my ouers geken nie. Volgens Anna is my pa in ‘n skietongeluk oorlede terwyl ons ma my verwag het. Dit was haar stiefpa. My ma se tweede huwelik. Sy is met my geboorte oorlede en Anna het beloof om my groot te maak.

7. PETROS: Was daar nie ander familie nie?

8. THEA: Sy het na my geboorte uit ons omgewing getrek. Ver weg. Ons het nooit kontak met enige familie gehad nie. Sy het my volgens haar riglyne opgevoed en as ek nie optree soos sy wou nie, het sy vir my die storie van Pygmalion vertel. Sy maak my groot daarom is sy my meesteres en moes ek as bewys van my dankbaarheid en liefde vir haar, maak soos sy sê.

9. PETROS: So jy het met dieselfde stories as ek grootgeword?

10. THEA: *(Bitter)* Net baie meer verwronge. Ek wou dikwels meer oor Afrodite weet. Later self gelees. (*pouse)*

1. PETROS: En?

2. THEA: Ek was, soos Afrodite, ouerloos en het begin glo dat sy die lewe in my geblaas het. In my tienerjare van een verhouding tot die ander gehaas. Geglo ek is die wonderskone Afrodite wat in beheer van alle liefde en plesier is. Totdat Anna my dagboek gelees het en daar ‘n stokkie voor gesteek het.

3. PETROS: Hoe?

4. THEA: Pieter, my man. Ek was skaars droog agter my ore, toe het sy my op ‘n slinkse manier in ‘n huwelik in gestoomroller. Moontlik het ek dit self as ‘n uitkoms beskou.

5. PETROS: Was jy vir hom lief?

6. THEA: Miskien. Ek weet nie, maar dit was maar net die tweede Pygmalion. Hy was my heer en meester en ek moes maak soos hy wil. Onder die dekmantel van die liefde. Om te ontsnap, het die droom van Afrodite net weer oorgeneem. Ek het ‘n verhouding met ‘n ander man gehad. Anna het dit gehoor.

7. PETROS: En sy het vir Pieter vertel?

8. THEA: Ja en nog meer. By die huis ingestorm en vir my gesê dat ek my kinderagtige fiksasie met Afrodite moet los. Dat ek die ma van ‘n kind is. (*Snik)*

   Dat my pa se geslagsdele vervloek is. Dat die see te min water het om om sy skuld af te was.*(huil)*

1. PETROS: (*Troos)* Jy het gekom tot hier.  Vertel nou klaar.

2. THEA: *(Hortend)* Sy het geloop.  Ek wou meer hoor en het agterna gery. Sy was nie by die huis nie en ek het in die kaste begin rond soek.  Op die aaklige bewyse afgekom.  Ou koerantknipsels. My geboortesertifikaat.  *(huil onbedaarlik)* Haar stiefpa het haar oor jare gemolesteer.  Sy het hom geskiet.  Haar ma is kort na my geboorte dood. Hartaanval. Anna is my ma. (*pouse)*

3. PETROS: (*Sag)* Jou man en kind se dood?

4. THEA: Dieselfde nag.  Pieter het by die huis gekom en die baba alleen in sy bedjie gekry.  Gedink ek is weer by my vriend.  My gaan soek. Ek het soos 'n dwalende die nag ingeloop ….en op 'n draai voor die kar ingeloop.  Pieter het uitgeswaai….. Hulle was op slag dood…….

5. PETROS: En jy het in die senukliniek beland sonder dat jy ooit vir Anna vertel het dat jy weet?

6. THEA: Ek het vir niemand vertel nie.

7. PETROS: Ook nie jou sielkundige nie?

8. THEA: Nee.  Geglo alles was my skuld.  Jy het my vir die eerste keer anders laat glo.  Nou walg ek jou, maar ek voel beter. Skoner.

9. PETROS: (*Aangedaan)* Thea, Thea.  My dapper klein liefling. Ek is nou vir jou liewer as ooit.

<u>DOOF UIT MET MUSIEK.</u>

<u>DOOF IN MET VOETSTAPPE OP SEEGRUIS, WIND EN HEEN EN WEER SPOEL VAN SEE. ROL VAN SPOELKLIPPE HEEN EN TERUG</u>

1. ANNA: (*Bekommerd)* Waar is sy?  Is jy seker sy wil my sien?

2. PETROS: Ja.  Ek het vir haar gesê dat ons gepraat het.  Dat ek dink julle twee moet praat.  Sy het gesê ek moet jou gaan haal.  Sy wou eers net ‘n rukkie alleen wees.

3. ANNA: Daar staan haar esel.  Waar is sy?

4. PETROS: *(roep)* Thea!  Ons is hier!

5. ANNA: *(Ontsteld)* Petros, kyk hier.  Hier op die doek.

6. PETROS: *(Geskok)* Ag Vader van Genade!  Sy het ‘n bloedrooi papawer oor die blou see geverf. *(Bulder skor)* Thea!

7. ANNA: *(Ontsteld)* Wat is dit?  *(prewel by haarself)* Rooi papawer…nuwe lewe…..*(opgewonde)* Petros, sy wil ‘n nuwe lewe begin.  Sy gaan gesond word!

8. PETROS: *(Rasend ontsteld)* Nee!  Nee! Vir haar beteken ‘n rooi papawer die dood.  Thea!

9. ANNA: (*Gil)* Petros!  Kyk daar agter in die see.  Agter die rots in die branders.  Dis sy!

<u>HARDE PLONS IN WATER, BRANDER BREEK OOR HAAR KOP. BORRELGELUID SOOS WANNEER IEMAND ONDER WATER IS</u>

*(Sluk monde vol water, hygroep)* My kind, …ek kom….

<u>WEER BORRELGELUID ONDER WATER</u>

1. PETROS: (*Roep hard)* Anna, kom terug! Die water is te onstuimig.

<u>NOG 'N HARDE PLONS, RITMIESE HALE VAN IEMAND WAT SWEM.</u>

*(Hygend en proesend)* Waar's hulle? My God die stroom trek hulle in! *(Hard)* Hier! Hiernatoe! (*Sluk, hyg)* Ek kom!

<u>VINNIGE HALE VAN IEMAND WAT WEG SWEM EN DAN NET DIE UITSTOOT EN TERUGTREK VAN WATER</u>

<u>DOOF UIT</u>

<u>DOOF IN MET MUSIEK – KRUISDOOF SAGTE KLAVIERSPEL EN LIGTE SUISING VAN WIND -BUITE</u>

2. THEA: Kom, ons strooi handevol windblomme in die see. Vir Afrodite.

3. PETROS: (*Vraend)* Nog steeds Afrodite, my lief?

4. THEA: Nog net die een maal. Oor Anna. Omdat sy my tog lief gehad het. Haar lewe gegee het ter wille van dié liefde.

5. PETROS: (*Huiwerig)* Ek wou nog altyd vra. Hoekom het jy daardie dag om die rots probeer swem?

6. THEA: (*Verleë)* Ek wou …. Ek wou seker maak van ons liefdesgeluk. Myne en joune. (*driftiger)* Ek wou my verlede finaal afwas.

7. PETROS: So die rooi papawer op die doek …..

8. THEA: ……was vir 'n nuwe begin. Al is dit laat in ons lewe.

9. PETROS: Vir hulle wat lief het,my rooi papawer, bestaan tyd nie.

<u>MUSIEK HARDER</u>

<u>DOOF UIT</u>

* Aanhaling uit: *Die Goue Vreugde –Audrey Blignault*
*Hoe is die tyd – Henry van Dyke p. 125*
Uitgewer: Human & Rousseau - 1985